Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Patricia van Niekerk**
Hoofdirektoraat: Distrikte
Patricia.VanNiekerk@westerncape.gov.za | 021 467 2171

Lêerno.: 27/12
Verwysing: 20241112-8303

Omsendbrief: 0038/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Standaardbedryfsprosedure vir laat aansoeke om toelating tot gewone openbare skole.*

**Onderwerp: Standaardbedryfsprosedure vir laat aansoeke om toelating tot gewone openbare skole**

1. Die doel van die Standaardbedryfsprosedure (SBP) is om aan ouers/voogde/versorgers van leerders, amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en prinsipale van gewone openbare skole leiding te gee oor die bestuur van laat aansoeke om toelating tot gewone openbare skole in die Wes-Kaap.

2. Dit werp lig op die WKOD se huidige *Beleid vir die Bestuur van Toelating en Registrasie van Leerders by Gewone Openbare Skole*, asook dit wat ingevolge artikel 29(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, as die afdwing van beperkende voorwaardes op die reg op basiese onderwys beskou sou kon word.

3. Die SBP is van toepassing op laat aansoeke ten opsigte van graad R, graad 1 en graad 8, asook oorplasingsaansoeke (dit wil sê, 'n aansoek om 'n oorplasing na 'n ander skool deur 'n ouer/voog/versorger van 'n leerder in graad 2 tot 7 of graad 9 tot 12).

4. Die doel is om leerders binne 'n redelike tyd in 'n skool te plaas wanneer daar ná die gepubliseerde sluitingsdatum aansoek gedoen word om toelating.

5. Kringbestuurders en amptenare waarna in paragraaf 6.4 van die SBP verwys word (Ondersteuning ten opsigte van laat aansoeke by distrikskantore) is verantwoordelik om toe te sien dat leerders by skole geplaas word en om ouers/voogde/versorgers wat hulp nodig het met laat aansoeke, by te staan.

6. Die SBP moet saamgelees word met die volgende omsendbriewe:

(a) Omsendbrief 0053/2021, gedateer 09 Maart 2022: Toelating van ongedokumenteerde Suid-Afrikaanse of buitelandse leerders
(b) Omsendbrief 0059/2021, gedateer 08 Oktober 2021: Onwettige praktyke wat verband hou met skooltoelatings, die betaling van skoolgeld en die heffing van ander gelde
(c) Omsendbrief 0018/2022, gedateer 30 Maart 2022: Die aanlyntoelatingstelsel is die ENIGSTE amptelike stelsel of vorm wat deur skole gebruik mag word vir toelating tot gewone openbare skole in die Wes-Kaap.
(d) Die jaarlikse omsendbrief wat die tydraamwerke vir toelating uiteensit.

7. Die SBP moet saamgelees word met die WKOD se *Beleid vir die Bestuur van Toelating en Registrasie van Leerders by Gewone Openbare Skole* (die Beleid).

(a) Die huidige toelatingsbeleid van die WKOD word tans hersien, en meer inligting oor hierdie proses sal ter gelegener tyd gekommunikeer word.
(b) Hangende die finalisering van die hersiening van die Beleid, sal enige konflik wat tussen die Beleid en die SBP mag ontstaan, asook tussen die SBP en die omsendbriewe waarna hierbo verwys word, in die guns van die SBP besleg word.

8. Die SBP sit die amptelike prosedure uiteen vir ouers/voogde/versorgers wat laat aansoek(e) indien, asook die prosedure wat deur WKOD-amptenare gevolg moet word.

9. Die volgende bylaes, Bylae A tot F, is aangeheg en dien om die proses te ondersteun, asook toelatings op 'n eenvormige wyse te bestuur:
(a) Bylae A: *Learner Admissions – Late Learner Application Form 2026*
(b) Bylae B: *Learner Admissions – Grade R Late Application Form 2026*
(c) Bylae C: *Example – Affidavit declaring outstanding supporting documents*
(d) Bylae D: *Learner Transfer Request Form – Late 2026, Grades 2–6 and 9–12*
(e) Bylae E: *Proof of Hard Copy Application Submission Reply Slip*
(f) Bylae F: *Proof of Receipt of Learner Support Material*

10. Alle belanghebbendes word daaraan herinner dat die drukstukke van vorms met die aanlyn vorms ooreenstem, aangesien die aanlyn stelsel spesifieke verpligte velde bevat wat ouers/voogde/versorgers moet invul.

11. Ouers/voogde/versorgers word daarom versoek om toe te sien dat vorms volledig ingevul word om sodoende enige vertragings te voorkom.

12. Enige navrae ten opsigte van aansoeke om toelatings kan gerig word aan die Hoof: Bestuur en Beheer of die betrokke kringbestuurder in elke distrik.

13. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-11-25